Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

VERMY SWAAR BOETES: STRENG NAKOMING VAN REËLINGS RONDOM AFVALVERWYDERING IS 'N MOET

Ongelukkig is daar steeds heelwat inwoners wat hulle glad nie steur aan die munisipaliteit se pleidooi om **NIE** hul asbliksakke of rolvullishouers vóór 07:00 op die geskeduleerde dag vir afhaling uit te plaas nie, met die gevolg dat bobbejane, voëls, honde en katte baljaar en daartoe aanleiding gee dat gemors oral verstrooi en in alle windrigtings waai.

Die hartseersaak is dat daardie rommel in stroompies, estuariums en, op die lange duur, in die see gaan beland.

Aangesien nalating om te voldoen aan die stipulasies rakende die afhaal van huishoudelike afval, soos vervat in Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Geïntegreerde Afvalbestuur, 'n strafbare oortreding is, sal diegene wat hulle aan 'n oortreding van hierdie verordening skuldig maak, swaar boetes opgelê word.

Daar word veral 'n beroep op huiseienaars en verhuringsagente gedoen om ag te slaan op die skedule hieronder en om reëlings in hierdie verband onder vakansiegangers en naweekbesoekers se aandag te bring:

- Elke huishouding word toegelaat om een rolvullishouer of vier swart sakke (waarvan slegs een sak tuinafval mag bevat) vir verwydering op die sypaadjie uit te plaas in areas wat nie deur die munisipaliteit as probleemdiergebiede geïdentifiseer is nie.
- In geïdentifiseerde probleemdiergebiede mag geen afvalsakke op die sypaadjie gelaat word nie en moet afvalhouers met bobbejaanbestande sluittoestelle beveilig word.
- In alle gevalle moet oormaat-afval na die naaste oorlaaistasie geneem word en **nie** langs munisipale vullisblikke/houers gestort word **nie**.
- In die geval van naweekbesoekers en vakansiegangers moet reëlings asseblief getref word met bure in die omstreke om te verseker dat huishoudelike afval slegs op die geskeduleerde dag uitgeplaas word.
- Enige items wat van glas gemaak is, moet sover moontlik toegedraai of verpak word alvorens hulle in die vullishouer/sak geplaas word om te verhoed dat mense wat die sakke/houers hanteer, beseer word. Items van glas moet, inderwaarheid, eerder afgelaai word by oorlaaistasies of aflaaipunte wat as versamelpunte vir herwinbare afval dien.

Vir u gerief, verwys asseblief na die handige vullisverwyderingskedule wat Overstrand in sy geheel dek soos hieronder verskaf:

Vullisverwyderingsdae vir GANSBAAI is soos volg:
MAANDAE: Pearly Beach, Buffeljags, Eloxulweni, Masakhane • DINSDAE: De Kelders, Masakhane, Beverly Hills • WOENSDAE: Franskraal, deel van Industria, Masakhane • DONDERDAE: Kleinbaai, Gansbaai, Baardskeerdersbos • VRYDAE: Gansbaai, Perlemoenbaai, Masakhane, Beverly Hills, Blompark.

Vullisverwyderingsdae vir STANFORD is soos volg:
DINSDAE: Noord van De Bruynstraat • DONDERDAE: Suid van De Bruynstraat.

Vullisverwyderingsdae vir HANGKLIP-KLEINMOND is soos volg:
MAANDAE: Rooi Els, Kleinmond seelane, Kleinmond berglane, Klein Berlyn, Heuningkloof • DINSDAE: Proteadorp, Overhills, Mountain View, Uitbreiding 6, Palmiet, Sunny Seas • WOENSDAE: Bettysbaai , Mooiuitsig • DONDERDAE: Pringlebaai • VRYDAE: Besighede.

Vullisverwyderingsdae vir HERMANUS is soos volg:
MAANDAE: Vermont, Fisherhaven, Voëlklip • DINSDAE: Onrus, Chanteclair, Berghof, Sandbaai, Hemel-en-Aarde • WOENSDAE: Zwelihle, Mount Pleasant • DONDERDAE: Westcliff, Northcliff, huise in SSK, Hermanus Industria • VRYDAE: Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaaiwater, Fernkloof.

BESKIKBAARHEID VAN VERKEERSDIENSTE INGEVOLGE VLAK 3-INPERKINGS

Vir die duur van die inperkings wat ingevolge Vlak 3 opgelê is, sal die lisensie- en registrasiekantore in Gansbaai, Kleinmond en Hermanus slegs in die oggende oop wees vanaf 08:00. Slegs 'n sekere aantal transaksies sal per dag hanteer word, waarna die kantore sal sluit sodat admintake aandag kan geniet alvorens daaglikse ontsmetting 'n aanvang neem.

Let daarop dat die verkeersafdeling in Hermanus vanaf Augustus elke tweede Saterdag (bv. 4 en 18 September) vanaf 08:15 - 13:00 oop sal wees. Hierdie reëling sal tot verdere kennisgewing geld.

As 'n verdere voorsorgmaatreël moedig Overstrand inwoners aan om kontantbetalings tot die minimum te beperk en om so ver as moontlik van kaartbetalings gebruik te maak.

Inwoners wat via EFT vir die hernuwing van hul motorvoertuie se registrasieskyfies betaal het, moet ten minste vyf tot sewe werksdae toelaat, of eers skakel, om te hoor of die skyfie gereed is vir afhaling.

Bring bewys van betaling saam. Onthou om die korrekte bedrag in die regte munisipale rekening te betaal. Die transaksie kan nie afgehandel word as daar 'n beraamde bedrag oorbetaal is, of as 'n verkeerde verwysingsnommer gebruik is nie.

REËLINGS RAKENDE AANTAL TRANSAKSIES PER DAG:

Motorvoertuigregistrasies
- Maandae tot Vrydae en afwisselende Saterdae (slegs Hermanus Verkeer):
  - Beperk tot 20 kliënte per kassier per dag.

Rybewyse
- Maandae tot Vrydae en afwisselende Saterdae (slegs Hermanus Verkeer):
  - Beperk tot 20 kliënte per kassier per dag.

Toets / sertifisering van voertuie
- Maandae tot Vrydae en afwisselende Saterdae (slegs Hermanus Verkeer):
  - Beperk tot 15 kliënte per dag.

Boetekantoor
- Maandae tot Vrydae en awisselende Saterdae (slegs Hermanusverkeer):
  - Beperk tot 20 kliënte per kassier per dag.

REËLINGS TEN OPSIGTE VAN EFT-BETALINGS

Ten einde transaksies te bespoedig, maak asseblief seker dat die korrekte details (en verwysingsnommer) ingevoer word wanneer betalings per elektroniese oordrag geskied. Transaksies kan nie verwerk word as die bedrag betaalbaar en verwysingsnommer verkeerd is nie.

Dra asseblief die korrekte bedrag oor na Munisipaliteit Overstrand se primêre bankrekening en gebruik die betrokke voertuig se registrasienommer as verwysing. Deur GB of KMD by die verwysing te voeg, sal dit vir personeellede makliker maak om die skyfie aan die korrekte dorp (d.w.s. GB = Gansbaai en KMD = Kleinmond) vir afhalingsdoeleindes toe te wys en sal ook help om te verseker dat jy jou skyfie moeiteloos by jou naaste kantoor kan afhaal.

Let daarop op dat bewys van betaling vereis word wanneer lisensieskyfies afgehaal word.

Indien die skyfie nie deur die eienaar self afgehaal word nie, sal 'n magtigingsbrief vereis word waarin die volle name (soos per ID) van die persoon wat die skyfie afhaal, vermeld word tesame met 'n gewaarmerkte afskrif van die lisensiehouer se ID en die ID van die persoon wat die skyfie afhaal.

BANKBESONDERHEDE VIR DIE HERNUWING VAN VOERTUIGLISENSIES

Nedbank

Rekeningnaam:	Munisipaliteit Overstrand
Rekeningnommer:	1190136678
Tipe rekening:	Lopend
Takkode:	198765
Tak:	Inland Garden Route
SWIFT-kode:	NEDSZAJJ
Verwysingsnommer:	Jou voertuig se registrasienommer en 'n agtervoegsel soos hierbo verduidelik

FERNKLOOF-VELDWAGTERS

WÊRELDVELDWAGTERDAG WORD ELKE JAAR OP 31 JULIE GEVIER as 'n blykie van waardering vir die veldwagters en -gidse wat hulle onvermoeid daaraan wy om ons natuurreservate, parke en vleilande vir ons nasate te bewaar.

Op hierdie dag word daar ook hulde gebring aan diegene wat in die uitvoering van hul pligte beseer of gedood is.

Munisipaliteit Overstrand het hierdie geleentheid gebruik om sy dank te betuig teenoor die amptenare wat aan ons departement omgewings-bestuursdienste verbonde is asook teenoor alle rolspelers wat hulle met reg daarop kan roem dat hulle alles in hul vermoë doen om ons kwesbare fauna en flora teen uitbuiting en die sinnelose stroping van ons kosbare natuurerfenis te beskerm. Hul liefde vir die natuur noop hulle ook om 'n omgewingsopvoedingstaak te verrig deur besoekers aan ons bewaarareas bewus te maak van waarom dit belangrik is om biodiversiteit ten alle koste te bewaar.

Ons is julle ewige dank verskuldig vir jul onverskrokke vasberadenheid.

Hier verskyn Fernkloof se veldwagters van l-r Michael Henn, Darryl Isaacs, Marco Cornelius, Timothy Europa, Dean Gardiner, Arno Harmse en Siviwe Nondobo.

OPWINDENDE NUUS: E-BOEKE & LUISTERBOEKE VOORTAAN BESKIKBAAR!

Danksy 'n digitale platform genaamd Overdrive sal alle geregistreerde lede van biblioteke in die Wes-Kaap binnekort e-boeke en luisterboeke **GRATIS** op hul slimtoestelle kan aflaai.

Al wat jy hoef te doen is om Overdrive se app "Libby" op jou slimfoon te installeer. Besoek westerncape.overdrive.com vir meer inligting.

Inwoners wat by enige biblioteek in die Wes-Kaap aangesluit het, hoef nie te herregistreer vir hierdie diens nie.

Wanneer jy aanmeld, gebruik bloot die syfernommer op jou biblioteekkaart as jou gebruikersnaam en jou geboortedatum – dd.mm.jjjj (sluit punte in) – as jou wagwoord.

Hou in gedagte dat hierde 'n addisionele diens is en dat die e-boeke en luisterboeke wat beskikbaar is, nie noodwendig ook op die biblioteek se rakke is nie. Dit is omdat hierdie boeke onderworpe is aan variërende lisensieooreenkomste wat deur die Wes-Kaap se provinsiale biblioteek-diens bestuur word.

Aanvanklik sal die databasis van die boeke wat elektronies afgelaai kan word effe skraal wees weens finansiële beperkings. Hierdie databasis sal egter mettertyd uitgebrei word.

WIL JY BY DIE BIBLIOTEEK AANSLUIT?

Inwoners wat nog nie lede van die biblioteek is nie, kan aansluit deur 'n lidmaatskap-vorm in te vul en die ingevulde vorm by hul plaaslike biblioteek, tesame met 'n afskrif van hul ID en mees onlangse munisipale rekening, in te handig.

BEVEILIG JOU HUIS TEEN WEGHOLBRANDE: HOE HUISE BRAND

Veldbrande kan oor lang afstande tot binne-in woongebiede versprei.

UITSTRALINGSHITTE

'n Veldbrand kan tussen 800ºC en 1 200ºC brand en soveel hitte uitstraal dat enige vlambare materiaal in die pad van die brand vooraf verhit. Sodoende kan fyner brandbare materiaal ontvlam en die brand na swaarder materiaal oordra. Op hierdie manier kan 'n veldbrand vinnig oor 'n landskap tot binne-in stedelike gebiede versprei en veroorsaak dat huise vlamvat.

AANGEVUUR DEUR KOOLTJIES

Tydens 'n veldbrand kan brandende materie soos boombas, takkies, verrotte blare, ens. weens die konvektiewe stygstrome wat deur 'n wegholbrand veroorsaak word, in die lug laat opstyg en oor groot afstande meesleur. Hierdie kooltjies kan dan ontvlamming tot gevolg hê wanneer hulle deur klein openinge strukture binnedring en daartoe lei dat droë en vlambare materiaal aan die brand slaan.

STRUKTUUR TOT STRUKTUUR

Wanner 'n struktuur, of 'n huis, vlamgevat het, is die uitstralingshitte wat dit afgee genoeg om te veroorsaak dat ander nabygeleë strukture vooraf verhit. Dit kan verdere ontvlammings tot gevolg hê en veroorsaak dat die brand deur die stedelike omgewing versprei. Een of twee huise wat vlamvat, kan 'n kettingreaksie veroorsaak wat 'n hele blok of woonbuurt kan verwoes.

Gebruik brandbestande materiale en skep spasie om jou eiendom teen brande te beveilig

#WILDFIRE READY

As wegholbrande kom, is jy #WildfireReady?

KAN NIE JOU TENK MET DIE RIOOLNETWERK VERBIND NIE?

Dis nou tyd om aansoek te doen vir 'n tariefaanpassing.

Opsie 1:

Betaal slegs 'n basiese fooi van R102.44 plus die infrastruktuur-heffing van R14.98 per maand, met dienverstande dat elke keer wanner 'n tenkerdiens versoek word, hierdie diens teen R699.36 per 6 kℓ of gedeelte daarvan (kantoorure, d.w.s. weeksdae vóór 15:00) of R1 398.72 per 6 kℓ of gedeelte daarvan (na ure) per verwydering gehef sal word.

Opsie 2:

Betaal 'n basiese fooi van R152.04 plus R17.13 per kℓ water verbruik per maand, gegrond op 'n maksimum van 35 kℓ per maand (70% van 50 kℓ), plus die infrastruktuurheffing van R14.98 per maand, wat jou daarop geregtig sal maak om 'n tenkerdiens gedurende kantoorure teen geen ekstra koste nie te versoek. Soos per opsie 1 sal alle na-uurse versoeke vir tenkerdienste teen R1 398.72 per 6 kℓ of gedeelte daarvan gehef word.

Indien jy meer inligting en/of advies in hierdie verband verlang, rig gerus jou navraag aan enquiries@overstrand.gov.za.

DIEN JOU AANSOEK BETYDS IN OM VIR KORTING OP EIENDOMSBELASTING TE KWALIFISEER

Enige persoon of entiteit wat aan die voorwaardes voldoen om vir 'n korting op eiendomsbelasting te kwalifiseer, moet hul aansoeke op die toepaslike vorm teen nie later nie as 30 September 2021 by die munisipaliteit indien.

PERSONE EN/OF ENTITEITE WAT VIR KORTING KWALIFISEER:

- Pensionarisse en gestremde persone
  - Totale gesamentlike huishoudelike inkomste mag nie R15 120 oorskry nie
- Bona fide boere
- Gastehuise en B&O's met tussen een en vyf verhuurbare kamers

Afskrifte van die tersaaklike vorms is by jou naaste munisipale kantoor beskikbaar en kan ook afgelaai word via Overstrand se amptelike webwerf: www.overstrand.gov.za. Klik op Documents > Forms.

Enige vrae rakende kortings en die kwalifiserende kriteria kan gerig word aan die eiendomsbelasting en databeheerkantoor by 028 313 8000 of rig 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.